# SEWEWEEKSPOORTPIEK STAP – VERSLAG

## 14-16 MAART 2025

Die groep van agt stappers (maksimum toegelaat op staproete) het Vrydagoggend om 06:00 vanaf Oudtshoorn na Hoeko naby Ladismith vertrek. Seweweekspoortpiek is op ŉ hoogte van 2325 m die hoogste piek in die Wes-Kaap en is geleë in die Klein-Swartberg bergreeks. Die berg kan vanaf twee kante geklim word, naamlik die noordekant, ŉ korter roete vanaf Vleiland of die langer, maar mooier suidelike roete vanaf die Hoeko-kant, wat ons gekies het.



*Agter (staande): Johan Uys, Johan Huisamen, Colin Young*
*Voor (sittende): David Fourie, Dawn Trevelyan, Suezette Smit*
*Anrie Esterhuizen, Thys du Plessis*

Op die plaas van mnr. Nel het ons die voertuie by die aangewese parkering parkeer en vandaar verder begin stap op die 4x4 tweespoorpad vir ongeveer twee ure tot by ŉ klipskuiling waar die pad doodloop. Nadat ons 'n blaaskans gevat en bietjie gerus het vat die voetslaanpaadjie ons zig-zag teen ŉ steil helling uit tot waar ons later langs rotsriwwe gestap en by ŉ reënmeter uitgekom het. Hiervandaan het ons klipbakens gevolg wat plek-plek op rotse neergesit is om rigting te hou. Die roete klim steil, maar die uitsigte raak onverbeterlik. Die natuur is ongerep, en die oranje-bruin kranse se kleure verander pragtig soos die sonlig aanskuif deur die berg. Na ongeveer nege ure se bergklim bereik ons ons oornaggrot teen 'n hoogte van 2015 m. Die grot staan bekend as Colas' Cave.

By die grot is daar heerlik uitgespan en kon die moeë bene rus terwyl die gasstofies ingespan is vir 'n lekker koppie koffie en aandete. In die grot is daar genoeg ruimte vir agt persone om te slaap, en op die "stoep" is tot donker gekuier en staaltjies vertel van die dag se uitdagings. Vuurvliegies het ons na donker vermaak met hul flitsende liggies, iets wat ek laas as 'n kind gesien het.





Saterdag oggend 06h00 het een na die ander uit hul slaapsakke gekruip en die grot verlig met kopliggies om die dag met koffie te begin. Daar is water wat teen die kranse afdrup wat ons opgevang het asook ’n waterpoel tussen dik gras sowat 20 meter van die grot af. Die water is skoon en lekker.

Teen 07:30 het Johan Uys, wat die berg baie goed ken, ons al ’n ent teen 'n nou steil kloof laat uitklim. Daar is baie klouter- en klimwerk oor rotse en teen die steiltes uit, op pad na die piek. Hoë kranse en groot rotsblokke oral om ons het 'n mens gering laat voel in die Skeppingswerk.





Suid-Afrika het twee "ultra berge", waarvan Seweweekspoortpiek een is. Bo-op die Seweweekspoortpiek is daar baie foto's geneem met groot glimlagte op almal se gesigte. Nadat ons gerus, geëet en die uitsigte bewonder het, was ons weer op pad terug na die oornaggrot, wat ons rondom middag bereik het. Ná 'n welverdiende middagslapie is daar weer op die "stoep" saamgetrek en lekker gekuier. Donderweer in die verte het laat namiddag nader gekruip, en dit was 'n ervaring om vanuit die grot te hoor soos die weer oor die berg getrek het.

Sondagoggend was almal vroeg gereed met sakke op die rug (heelwat ligter as toe ons gekom het) om die steil afdraandes berg-af aan te pak. Ná ongeveer ses en 'n halwe ure was ons terug by die motors. Ons was bevoorreg om die hele roete in goeie weersomstandighede te kon stap. Die weer in die berg is onvoorspelbaar en kan vinnig verander, wat die terrein gevaarliker kan maak.







Laastens wil ek aan elke medestapper in die groep dankie sê vir elkeen se positiewe gesindheid, lekker geselsies met grappe wat van hierdie stap ŉ sukses gemaak het. Hierdie was werklik 'n uitdagende bergklim, maar die mooi herinneringe saam met sulke stapvriende sal altyd onthou word.

Tot volgende keer!

**Colin Young**
(Organiseerder)